# Polsslag

**8 Junie 2025**

Rom. 12: 2

## Gereformeerde Kerk Benoni



### Adres

24b Miles Sharpstraat,
Rynfield, Benoni, 1514

### Kerkkantoor ure

Maandag – Vrydag:
09:00 – 16:30

### Predikant

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

### Pastorale berader

Ds. Louis Buys
082 927 2034

### Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

## Harvesters Ministries

Opening the Way

Ons is uiters dankbaar vir die geleentheid wat ons hierdie naweek gehad het om die span van Harvesters Ministries by ons te hê en by hulle meer te leer oor Bybelse dissipelskap! Hieronder is die verhaal van hoe hulle roeping begin het.

**The vision for Harvesters Ministries was sparked in 1998** when Steven Loots – founder and CEO – was flying over the Malawian terrain. "I am barely aware of the familiar hum of the Cessna Cardinal 177 engine as I look at the shadow the airplane casts on the earth below," recalls Steven. "Every now and again the shadow would cut across a small rural village and every time the same prayer echoed in my heart: Lord, give us that settlement..."

*"The prayer in that tiny airplane over Malawi gave birth to a vision of such magnitude that at first I thought that it was an impossible dream," Steven explains. "But slowly, as I prayed this over and over, asking the Lord for these small African villages, He confirmed what I was to do for the next few decades."*

*'Plant one million churches, train one million pastors and evangelize and disciple one hundred million people', became the vision for our ministry. By 2000 the first churches had been planted in Malawi and Zambia.*

Over 25 years later Harvesters is still pressing on with the goal. It has grown from a small family ministry to a global movement that expands the Kingdom of God in 67 languages and in over 97 countries. With offices and staff spread over 5 continents, more than 131,000 churches planted globally, 40,000 Student Pastors in training and over five million new disciples spread over the face of the earth.

"Now we look forward in faith, toward planting another 40,000 churches where there were none before. New pastors will be trained, new converts will be won, and new disciples will be made," declares Steven. "We are humbly grateful for the grace and favour of the past twenty years. We celebrate that. But now we look up toward the horizon and we invite you to continue to journey with us, pray for us and support us, for the work is not done."

Gaan lees meer oor hul werk by hierdie skakel: www.harvestersministries.com

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

**Buitedeur kollekte vandag:**

**Bybelverspreiding**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 1 Junie**

**Diens van barmhartigheid Snapscan: R1 692.08**
**Emeritaatsversorging: Snapscan: R552.70**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




Daar is sommige mense wat dink dat kleingroepe 'n kerklike 'nice to have' is. Daarom is dit iets wat mense as opsioneel benader. Natuurlik is daar sekere omstandighede en situasies waar mense nie by 'n kleingroep kan uitkom nie. Wat ons wel goed moet verstaan is dat dit 'n ordinasie van God is en nie iets wat kerkleiers opgemaak het nie.

Die Here versamel sy mense om Hom saam te aanbid. Dit is God se doel met elke ware gelowige se uitverkiesing om alles onder een Hoof te verenig, onder die hoofskap van Jesus die Koning van die kerk. Binne hierdie vereniging bepaal die Here 'n sekere en vaste manier waarop gelowiges mekaar moet versterk deur die dissipelskap lewe 'saam' te doen. Kleingroepe is een geleentheid wat God gee vir hierdie 'saam' doen.

Daarby saam is die unieke karakter van kleingroepe wat stil word rondom die Woord 'n middel waardeur die Here geloofsgroei bewerk binne die werk van sy Gees. Miskien moet ons as dissipels ons benadering en toewyding aan hierdie middel nuut benader en sien wat die Here in hierdie soort bediening wil doen.




Ons praat tans in die aanddienste oor God se wil. God se wil het 'n (maklik-verstaanbare) geopenbaarde kant, maar ook 'n (moeiliker om te verstaan en hanteer) verborge kant. Om in lyn met God se wil te leef, maak ons radikaal anders as nie-gelowiges. Wanneer ons met God versoen is in en deur Jesus Christus, begin ons om anders te dink en doen. Ons begin ons lewens inpas en aanpas by God se wil.

Godsdiens is nie 'n klomp uiterlike aksies nie, maar is juis om anders te begin doen omdat ons met Hom versoen is - **"Doen goed!"** (Jes. 1: 16b – 17a).

Dit is ook persies dieselfde as wat Jesus ons leer in Luk 6: 27vv. Ons doen nie net goed aan hulle wat vir ons goed doen nie, maar teenoor almal! Die Here Jesus leer ons immers dat 'n dissipel nie net sy hart skoonmaak nie, maar dit ook vul met nuwe en goeie goed! Só word ons getuies vir die Here (2 Kor. 3: 3).

Dié goeddoen gaan nie net oor ons optrede in moeilike situasies nie, maar ons doen ook goed wanneer ons die **vrug van die Gees** gebruik, en wanneer ons ons **gawes** aanwend in die Koninkryk van God tot voordeel van hulle wat ons pad kruis.

Is jy reg om radikaal anders te wees?

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**8 Junie**
Carla Fourie #

**9 Junie**
Maryke Botha
Ronald Emmerson

**10 Junie**
Adriaan Damons
Leané Flies
Ella Steyn *

**12 Junie**
Mariska Botha

**13 Junie**
Hannes van der Linde

***Dooplidmaat #***

***≥70 *   ≥80 *****

***≥90 ******

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Verskeie van ons lidmate kry behandeling vir kroniese siektes en is verswak. Ons dra almal aan die Here op in gebed.
- **GELUKWENSING:** Dirk en Veronica van der Wateren se seun, Wynand, wat in Amerika woon het einde Mei getrou. Baie geluk!

## VOLWASSE KATEGESE

Ons begin weer binnekort met volwasse kategese. Indien enigiemand belangstel om deel hiervan te wees, kontak asb. Lidia Venter by die kerkkantoor.



# LEER KEN JOU MEDE LIDMATE
## Dirk & Alida Pretorius



Ons – Dirk en Alida - is die Pretorius-gesin van Brakpan. Ons is reeds 50 jaar getroud en het ‘n seun, Jaco en ‘n dogter Ronel wat ook in ons gemeente is.

Dirk het na skool in die bank gewerk en daarna besluit dat hy eerder sy roeping gaan volg en het so die onderwys betree. Hy hou destyds skool in Brakpan by Laerskool Harmonie waar hy ook dan Departementshoof word. Later word hy bevorder tot skoolhoof van Laerskool Vivo tussen Dendron en Alldays. Met die instelling van die model C skole, kry hy die geleentheid om terug te kom Brakpan toe. Hier is hy by Laerskool President Brand wat dan later Die Arend word. In die laaste jare voor sy aftrede doen hy Christelike berading by die skool waar hy kinders, onderwysers en ook ouers bystaan. Met Covid begin hy ‘n skooltjie by die huis maar na Covid vra Laerskool Die Arend dat hy terugkom om weer berading te gee. Daar is ‘n baie groot behoefte by al die skole vir berading. Aftrede is dus eers op ys gesit.


Ek, Alida, het na skool begin as ‘n sekretaresse in die bemarkingsafdeling van die destydse Spoorweg. Na die kinders se koms en drie jaar by die huis moes ek weer inspring en gaan werk. ‘n Geleentheid het gekom by Cecil Nurse kantoormeubels. Dit was ‘n wonderlike ondervinding en geleentheid waar ek my kreatiewe kant kon uitleef. Ons is Vivo toe en toe ons terugkom, het Cecil Nurse my weer ‘n pos aangebied. In 2000 besluit ek om my eie maatskappy te begin met die voorsiening van kantoormeubels. Dirk kon hier ook sy talent en liefde vir houtwerk gebruik om van die meubels te vervaardig. In 2013 het ons besluit om die maatskappy te sluit en raak ek betrokke by die verkoop van trokke. Alhoewel dit ook bemarking was, was dit ‘n hele ander veld en moes ek my kennis gebruik om in die manne-wêreld my plek oop te skop. Terwyl Dirk tans berading doen, is ek besig met my ander liefde – plante. Saam het ons twee kweekhuise gebou waarin ek Hoyas en Orgideë groei en so het my stokperdjie in ‘n klein besigheid verander.

Dirk is lief daarvoor om te lees, doen graag houtwerk en geniet dit om rugby te kyk. Ek het ‘n liefde vir plante, bak, brei en hekel graag en is lief vir kamp saam met ons hondjie, Karli.

Ons geniet Gereformeerde Kerk Benoni in elke opsig en voel dat ons die gawes wat ons van die Here ontvang het, hier kan uitleef. Baie dankie dat almal ons sommer van die begin af tuis laat voel het en ons ook betrek het by die aktiwiteite.

Ons gebed is dat die Here hierdie gemeente sal seën en uitbrei.

# Ons eerste Paasfees Inkleurkompetisie




Ons eerste Paasfees inkleurkompetisie was ’n kleurvolle geleentheid wat ons maatjies aangemoedig het om hul kreatiwiteit te wys.

Ons het Inskrywings ontvang vanaf Doem Doempies Kleuterskool in Kempton Park, Musiek Goggas in Benoni, sowel as maats uit ons eie gemeente. In totaal het ons 13 inskrywings ontvang.


Baie geluk aan ons wenners!!

🥇 Ouderdomsgroep 2–4 jaar: Lana Strauss

⭐ Spesiale Kreatiwiteitsprys (2–4 jaar): Bayleigh Homes

🥇 Ouderdomsgroep 5–7 jaar: Kristie van Niekerk

🥇 Ouderdomsgroep 8–10 jaar: Chrisné Ebersohn




Ons het met die kompetisie R400 ingesamel vir die Mammas met Babas-diensgroep.

🎁 Baie dankie aan ons borge:


* PNA vir die wonderlike geskenkpakkies vir die wenners

* Divine by Vivarte Kunstefees vir die professionele beoordeling van die inskrywings




Hoewel hierdie ons eerste poging was, het ons baie geleer en sien ons uit daarna om volgende keer nog meer kinders te betrek en die kompetisie groter te maak!

**Groete, Denise Fourie (Diensgroepleier)**



# TWEETAL PREDIKANTSKANDIDATE

Na afloop van ontmoetings met ds. Jaco Linde van GK Witrivier en ds. Barend van der Westhuizen van GK Ermelo, word beide hierdie predikante as bekwame en geskikte kandidate gesien wat goed sal kan inskakel by ons gemeente.


Die kerkraad het daarom besluit om hulle as tweetal aan die gemeente voor te hou. Daar sal DV op **22 Junie 2025** tydens die **oggenddiens** ‘n gemeentevergadering gehou word, waartydens daar ‘n gemeente stemming sal wees.

Ons doen ‘n beroep op alle lidmate om biddend hierdie twee kandidate te oorweeg. Lidmate wat graag hierdie twee predikante se beantwoorde vraelyste wil bekom, kan Lidia Venter hieroor kontak. Daar is aanlyn preke van ds. Linde op GK Witrivier se Youtube kanaal beskikbaar. Daar is egter nie aanlyn preke maklik bekombaar van ds. Van der Westhuizen nie. Lidmate wat graag klankopnames wil ontvang, kan Lidia Venter ook hieroor kontak.



## Ds. Jaco Linde (GK Witrivier)

- Getroud met Suzaan vir 6 jaar.
- Geen kinders nie.
- Geniet dit om te kamp, fotografie, om te stap met hul honde en tyd met geliefdes deur te bring.
- Hy geniet *trail running* vir oefening.
- Hy het ‘n belangstelling in sielkunde en pastorale berading.
- 4 jaar in die bediening
- Eerste gemeente




## Ds. Barend van der Westhuizen (GK Ermelo)

- Getroud met Carike vanaf 2022.
- Hulle het ‘n seuntjie, Hanno.
- Geniet dit om te kamp, te draf en bergfiets te ry. Hy speel graag ook gholf en doen houtwerk in sy vrye tyd.
- Hy is tans besig met sy Meestersgraad in Nuwe Testament.
- 2 jaar in die bediening
- Eerste gemeente

# Polslag advertensies

## Junie 2025

Rom. 12: 2

## RIGLYNE VIR ADVERTENSIES:

- Gebruik duidelik leesbare skrif.
- Afskrifte word in swart en wit gemaak – maak seker die kleure is eenvoudig vir leesbaarheid.
- Advertensies word op die vroegste 4 weke voor 'n geleentheid geplaas.
- Advertensies sal nie langer as 4 agtereenvolgende weke vertoon word nie.
- Stuur asb. alle advertensies na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.

## RIGLYNE VIR KENNISGEWINGS:

- Stuur asb. alle kennisgewins se bewoording na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.




### NAVRAAG OOR HUURMOONTLIKHEDE

Frans en Nicoli Müller is tans in hul laaste jaar as huisouers by die kinderhuis na 25 jaar se werk. Hulle kyk solank uit na 'n plek om volgende jaar te huur. 'n Huis met tuinwoonstel, net 'n huis of net 'n tuinwoonstel sal goed wees. Dit moet troeteldiervriendelik wees vir hul 2 miniatuur Schnauzers wat saam trek.

Kontak hulle asb. direk indien jy kan help of van iets wees: Stuur 'n Whatsapp na **060 347 4161** of e pos na nicolikrause@gmail.com.

### WERKSGELEENTHEDE GESOEK

**POPPIE JOHNSON** het ervaring as ontvangsdame en 'n agtergrond in administrasie, bemarking en voorraad opname. Kontak haar gerus vir 'n volledige CV en indien jy weet van 'n werksgeleentheid (**079 524 9154**).

**TREVOR KRUGER** kan loodgieter-, bou-, hout- of meganiese werk doen, werk as 'n *plastic injection moulding operator en setter* of werk in 'n pakhuis. Kontak hom asb. direk by **072 088 8096**

### WERKSGELEENTHEDE BESKIKBAAR

We have a junior admin position available for a school leaver with strong language skills and great attention to detail. Please send your CV to **madeleine@boelavdm.co.za**. Based in Primrose area.

Posisie vir 'n jong wit man of pensioenaris wat nog wil werk. Geen ondervinding is nodig nie. Hy sal in diens opleiding ontvang. Kontak asb. **Jaap Jan Sterkenburg** van Japs Engineering by **082 890 9476**

### SKENKINGS VIR SOLIDARITEIT WELKOM!

Indien jy enige goedere, klere, boeke of ander gebruiksitems in jou huis het wat jy nie meer gebruik nie en wil skenk, kontak asb. Hannes of Elma Venter (083 230 2624). Hulle skenk dit graag aan behoeftiges by Solidariteit.

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

# WELKOM BY GK BENONI!

## Hier is 'n paar skakels om te volg om meer van ons gemeente se doen en late uit te vind:

**GK Benoni webtuiste**: Vir alles en meer oor ons gemeente
https://gkbenoni.co.za/

**Die Gereformeerde Kerk Benoni Facebook bladsy**: Volg en deel ons gemeente se doen en late
https://www.facebook.com/GKBenoni

**Geref Kerk Benoni (@gkbenoni) Instagram bladsy**: Foto's en advertensies van kerkaktiwiteite
https://www.instagram.com/gkbenoni?igsh=N292b2ZqZjVkZms2

**Pitkos en gemeente e-pos poslys** (weeklikse preek samevatting met die video & mp3 skakels en ander relevante e-posse)

http://eepurl.com/oaoxj

**Pitstop** (Whatsapp groep: weeklikse oordenkings video's en mp3 skakels)

https://chat.whatsapp.com/EJH9qr0Atg82BUvWLXTHTj

**NUUT! GK Benoni Whatsapp *Channel***
(vir lidmate, besoekers en belangstellendes)

https://whatsapp.com/channel/0029VaeqVU9FMqrXprh23M3D

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*